

Altyd Triofantelik

Uittreksel van Pastoor Nesor se boodskap: Eng/Afr. B137a

Skriflesing uit: 11 Kor. 2: 14- hfst 3: 1-18

Kernvers: 14 – ‘Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei.’

Altyd triomfantelik! Die Here Jesus het Sy diensknegte aangestel oor Sy diensvolk om vir elkeen hulle rantsoen te gee. En wanneer die Here kom, gelukkig is daardie dienskneg wat die Here só, besig sal vind. Om vir God se kinders die regte voedsel op die regte tyd te gee, is alleen genade by God.

Een van die groot uitdagings, as jy deur die Bybel gaan en sien, dié diensknegte wat die vrugbaarste arbeid in die Here gehad het, was altyd hulle wat die regte voedsel op die regte tyd gegee het.

As ons na die wêreld kyk sien ons hoe daar ‘n gesindheid is van: laat ons drink en vrolik wees want more sterf ons. Maar so sien ons dit ook in die kerk – mense wil uit die lewe haal wat hulle nog kan, terwyl dit nog redelik goedgaan. Mense wil nie altyd hoor van swaar tye en die profeet van God is nie altyd populêr nie.

Die meeste van ons voel in elkgeval dat ons dit nooit sal maak nie, dat ons nooit die oorwinning sal behaal nie. Ons is teleurgesteld in onself, ons voel daar is so baie dinge wat ons lankal moes oorwin het. En hoe meer ons onself voor die Here ondersoek hoe meer besef ons hoe gebrekkig ons nog is. Sal God ooit iets met ons kan bereik?

Daar is egter ‘n woord van troos – ons moet minder kyk na onself en ons onvermoë en meer opkyk na God om dit in ons te bereik. Die Here het belowe dat Hy die goeie werk wat Hy in ons begin het sal volbring en dat dit Hy is wat ons altyd laat triomfeer in Christus Jesus!